testpapers.co.za

**Basic Education**

**Department: Basic Education**

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## GR.12 - SENIORSERTIFIKAAT- VOORBEREIDENDE-EKSAMENS (2021)

PUNTE: 80 TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP | (VRAAG 1 ) | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: TAAL | (VRAAG 3, 4 & 5) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie deeglik.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke VRAAG op 'n NUWE bladsy.
5. Trek 'n streep na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël na ELKE antwoord oop.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Aanbevole tydsindeling:
   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute
10. Skryf netjies en leesbaar.

---

**AFDELING A – LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: ARTIKEL**

**Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord dan die vrae:**

## Besoedeling

1 Besoedeling is die bevuiling of besmetting van die aarde deur onnatuurlike stowwe. Ons wonderlike planeet se lug, grond, waters en selfs die waters onder die aarde (fontein- of putwater), word benadeel.

2 Stowwe wat besoedeling veroorsaak is nadelig vir die natuurlike omgewing. Hierdie stowwe, is meestal dinge wat nie natuurlik voorkom nie, soos industriële en radio-aktiewe afvalstowwe en insektedoders.

3 Besoedeling kan die lewe van mense, diere en plante baie benadeel. Dit is een van die grootste en ernstigste probleme van vandag.

4 Selfs groot lawaai word as besoedeling beskou. Dit kan byvoorbeeld deur vliegtuie by besige lughawens of deur hewige motorverkeer veroorsaak word. Te veel lawaai maak jou nie net doof nie. Dit het ook allerhande ander ernstige nadele, soos die negatiewe werking op die senugestel.

5 Besoedeling word in drie afdelings ingedeel naamlik lugbesoedeling, grondbesoedeling en waterbesoedeling.

6 Lugbesoedeling vind plaas wanneer *giftige* gasse en dampe in die atmosfeer vrygelaat word. Dit kan koolstof*mon*oksied uit motors se uitlaatpype wees, die rook uit fabrieke se skoorstene, asook gasse afkomstig van kragstasies.

7 Een van die gevolge van lugbesoedeling is suurreën. Suurreën veroorsaak dat plante beskadig word, insekte en klein diertjies vrek en geboue verniel word. Suurreën word gevorm wanneer die giftige stowwe in die atmosfeer reageer met reën wat op die aarde val. Die suur is dan baie verdun maar rig steeds groot skade aan.

8 Dit kan selfs gebeur dat die giftige gasse wat in een land vrygelaat word, as suurreën in ’n ander land val om groot skade aan die plante- en dierelewe asook aan geboue aan te rig, terwyl drinkwatervoorrade ook besoedel word. Die Departement van Gesondheid beheer wel die hoeveelhede giftige stowwe wat deur industrieë in die atmosfeer vrygestel word. Daar word maatreëls afgedwing om die vrystelling van giftige stowwe in die atmosfeer te beperk. Veral nuwe industrieë moet filters installeer. Ook kragsentrales moes nuwe tipes opwekkers begin gebruik, wat minder giftige gasse vrylaat

9 Rooklose stowe word deesdae landwyd gebruik. Die woongebiede van agtergeblewe gemeenskappe word sover moontlik met elektrisiteit toegerus.

10 Die Departement van Gesondheid monitor die aard en konsentrasie van giftige gasse in die atmosfeer. Daar word ook metings gedoen van hierdie giftige stowwe in probleemgebiede, sodat beter beheer uitgeoefen kan word.

11 Meeste van die nywerhede wat lood hanteer, gebruik reeds geskikte filters om te verseker dat die giftige stowwe nie in die atmosfeer vrygestel word nie. Loodvrye petrol help ook om ons omgewing baie skoner te hou.

12 Grondbesoedeling word grootliks veroorsaak deur die storting van vullis. Hierdie vullis bestaan uit hoogs skadelike kernafval of gewone huisvullis. Oral in ons land hoop die rommel op, selfs langs ons paaie en op belangrike toeristeroetes. Die meeste vullis

beland wel nog op vullishope, maar die plek vir groot vullishope raak al hoe minder. Vullishope bevat alle soorte huishoudelike afvalstowwe, asook baie middels wat giftige bestanddele bevat soos skoonmaakmiddels en plaagdoders.

13 'n Groot probleem in ons land is die baie afvalmateriaal op ons mynhope en in die slikdamme by myne wat dikwels deur woongebiede omring word. Myngrond is barre, steriele, dooie grond, waarop niks groei nie, tensy die grond behandel word sodat plante tog daarop gevestig kan word. Hierdie myngrond veroorsaak ook dat baie stof in die atmosfeer ingewaai word wat weer 'n oorsaak is van lugbesoedeling.

14 Waterbesoedeling word veroorsaak deur die stort van slegte stowwe in riviere, damme en die oseaan.

15 Fabrieke is een van die grootste skenders van die omgewing. Die afvalwater van fabrieke het dikwels giftige chemikalieë in, waarvan baie in ons waterlope beland. Ook munisipaliteite stort rioolvuil in riviere. Die rioolvuil moet eers by ’n rioolaanleg behandel word voordat dit byvoorbeeld in riviere gestort word, maar munisipaliteite doen dit nie altyd nie.

16 Hittebesoedeling gebeur wanneer warm, maar skoon, water wat vir nywerheidsverkoeling gebruik is, in riviere vrygelaat word. Hierdie hoë watertemperatuur kan nadelig vir die waterlewe wees.

17 Seebesoedeling gebeur wanneer besoedelde riviere in die oseane invloei. Baie keer stort bote ook olie in die see.

LET WEL:

- **Beantwoord AL die vrae**
- **Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.**

1.1 Wat is besoedeling? 1

1.2 Noem enige deel van die aarde wat besoedel word. 1

1.3 Lees paragraaf 2.
Wat beteken dit wanneer ons sê dat die stowwe nie natuurlik voorkom nie? 1

1.4 Waarom, kan ons sê dat besoedeling nie 'n ou probleem is nie, maar 'n probleem van vandag? 1

1.5 Verwys na paragraaf 4.

1.5.1 Noem EEN skuldige wat bydra tot geraasbesoedeling? 1

1.5.2 Hoe kan die effek van geraasbesoedeling die mens nadelig beïnvloed? Noem EEN. 1

1.6 Gee EEN rede hoekom die volgende stelling ONWAAR is.
Lugbesoedeling is wanneer onskadelike gasse en dampe in die atmosfeer vrygelaat word. 1

1.7 Noem TWEE van die skuldiges wat, volgens paragraaf 6, lugbesoedeling veroorsaak. 2

1.8 Watter lewende dinge word, volgens paragraaf 7, deur besoedeling beïnvloed?
Noem EEN. 1

1.9 Kies die KORREKTE antwoord deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommers (1.9.1 en 1.9.2) en jou antwoord daarlangs neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| land | aarde | oseane | berge |

Suurreën vorm wanneer giftige stowwe in die atmosfeer reageer met die reën wat op die (1.9.1) … val. Giftige gasse wat in een (1.9.2) … se atmosfeer vrygelaat word kan suurreën in ander plekke ver daarvandaan veroorsaak. 2

1.10 Watter **EEN WOORD** (Paragraaf 7) sê vir ons dat die konsentrasie suur in die reën nie so hoog is nie? 1

1.11 Noem TWEE dinge wat gedoen word om die hoeveelheid giftige stowwe wat in die atmosfeer vrygelaat word, te beperk. 2

1.12 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.12) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.12 E.

In paragraaf 10 verwys "probleemgebiede" na gebiede waar daar ...

A baie vullis is.
B baie afvalmateriaal is.
C hoë vlakke van lugbesoedeling is.
D hoë vlakke van waterbesoedeling is. 1

1.13 Wat dink jy, kan gedoen word om grondbesoedeling minder te maak? 1

1.14 "Die meeste vullis beland wel nog op vullishope" (Paragraaf 12)
Wat, dink jy, is een van die grootste probleme wat deur vullishope veroorsaak word? 1

1.15.1 Waarom groei plante nie op mynhope nie? (Paragraaf 13) 1

1.15.2 Hoe dra mynhope by tot hoë vlakke van lugbesoedeling? 1

1.16 Noem EEN van die waterbronne wat deur die storting van slegte stowwe beïnvloed word. 1

1.17.1 Watter slegte stowwe kom soms in die afvalwater van fabrieke voor wat ons land se water besoedel? (Paragraaf 15) 1

1.17.2 Watter slegte stof stort munisipaliteite in ons land se waterbronne? 1

1.18 Waarom, dink jy, gaan visse dood as gevolg van hittebesoedeling? 1

1.19 Wat, dink jy, sal die meeste skade ly wanneer bote olie in die see stort? 1

**TEKS B**: **STROKIESPRENT**

Lees die volgende strokiesprent versigtig deur en beantwoord die vrae.

Andries Marie






| | | |
|---|---|---|
| 1.20 | Waarvoor is Andries bang? | 1 |
| 1.21 | Wat sê Marie sal die stres verlig? | 1 |
| 1.22 | Haal een woord aan wat sê dat Marie nie seker is of hardloop beter sal wees as om te loop om die stres te verlig nie. | 1 |
| 1.23 | Wat doen Andries in Raampie 3 wat Marie heeltemal onkant vang? | 1 |
| 1.24 | Wat doen jy om stres oor 'n toets of 'n eksamen te verlig? | 1 |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**TEKS C**

**VRAAG 2**

In die artikel word die waarde van goeie musiek bespreek. Lees die artikel aandagtig deur. Voer dan die instruksies hieronder uit.

INSTRUKSIES:
1. Som die VOORDELE van musiek vir goeie gesondheid in SEWE sinne op.
2. Skryf die feite PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die regte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

MUSIEK MAAK GESOND!

1 Navorsers het bewys dat vroeë musiekonderwys ʼn kind se brein stimuleer. Dit lei weer tot verbeterde prestasie. ʼn Studie onder 8- tot 11-jariges het bewys dat diegene wat buitemuurse musieklesse het, ʼn hoër verbale IK ontwikkel.

2 Studies het voorts bewys dat musiek ook ʼn invloed op die mens se hartklop het. Hartpasiënte wat na musiek geluister het, het heelwat vinniger as ander pasiënte herstel.

3 Ons almal ondervind op een of ander stadium slaapprobleme. Dit kom veral voor na 'n ooraktiewe dag. As mens voor jy die dag afsluit, na musiek luister, verbeter die gehalte van die slaapproses.

4 Musiek het ook ʼn invloed op die mens se emosionele toestand. Dit het 'n kalmerende effek en laat jou gelukkig voel. Jou brein skei *dopamien* vry terwyl jy na musiek luister. Dit veroorsaak ʼn chemiese reaksie wat jou wil laat beweeg.

5 Musiek het ook ʼn goeie invloed op die vlakke van die streshormoon. Sodra jy lus voel om te dans as jy musiek hoor, weet maar: jy is besig om gesond te word!

6 Die mens se verstand en psige word positief beïnvloed deur na musiek te luister. As jou verstand helder is kan jy baie positiewe werk doen.


7 Verder is daar ook bevind dat musiekopleiding help om die brein gesond te hou as mens ouer word. Dis 'n soort kognitiewe oefening wat die brein skerper maak. Dit stel die mens in staat om die uitdagings van veroudering beter te hanteer.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**TEKS D**

- Die taalvrae wat volg is op die advertensiehieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.



3.3 "……. Ek is moeg."

| | |
|---|---|
| As jy die App afgelaai het, sou ons jou kon help.<br>Selfs al is jy nie 'n kliënt nie.<br>Ons gratis Help@OUT (3.4) pad- en tuis- bystand diens sal jou help wanneer jy dit die nodigste het - 365 dae van die jaar.<br>Jou motor het 'n pap band of 'n (3.5) dood battery.<br>As jy iemand nodig het (3.7) jou motor na die naaste diensverskaffer sleep), skakel Outsurance.<br>Ons is net 'n klik weg.<br><br>GET IT ON *Google Play* DOWNLOAD ON THE App Store<br><br>(3.9) Laai ons App af vir gratis noodbystand 24 uur van die dag.<br><br>*Outsurance is 'n gematigde finansiele diensverskaffer . B's en V's geld.* | OUTSURANCE<br><br>Waar jy altyd iets uitkry.<br><br>(3.8)<br>Motor & huisversekering. |

3.1 Wat moet 'n mens doen om hulp by Outsurance te kry. 1

3.2 Watter antwoord is ONWAAR?. Skryf net die korrekte vraagnommer en die letter as antwoord neer, bv. 3.2 E

Die leser word gemanipuleer om 'n kliënt van Out-surance te word …

A deur die prent van die motor wat die mense dra.

B deur die woorde *waar jy altyd iets uitkry.*

C deur die woorde *ons is net 'n klik weg.*

D deur die gebruik van vetgedrukte woorde. 1

3.3 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies.
Die TUSSENWERPSEL wat die vrou se woorde in die advertensie die beste sal voltooi is(Sjoe!/Foei Tog!) 1

3.4 Vir watter deel van die woord staan die afstandskoppelteken in die onderstaande sin:
Ons spesialiseer in motor- en huisversekering. 1

3.5 Skryf die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord in die volgende sin :
Die motor het 'n (dood) battery. 1

3.6 Watter woord maak die advertensie persoonlik? 1

3.7 Herskryf die sin en skryf die deel tussen hakies in die infinitief.
As jy iemand nodig het (jou motor na die naaste diensverskaffer sleep), skakel Outsurance. 1

3.8 Watter voegwoord word met die & in *Motor & Huisversekering* geïmpliseer? 1

3.9 Skryf die onderstreepte syfer in die volgende sin voluit in woorde:
Laai ons App af vir gratis noodbystand <u>**24**</u> uur van die dag. 1

3.10 Skryf 'n sinoniem uit die advertensie wat dieselfde as ***verniet*** beteken. 1

**[10]**

---

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

TEKS E

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




4.1 Skryf die sin hieronder in die **Indirekte Rede**
Die seun vra vir sy pa: "Waarom dryf ys op water?"
Begin so : Die seun vra vir sy pa waarom… 1

4.2 Kyk na die lyftaal van die pa in Raampie 1.
Hoe weet jy dat die pa na die seun luister? 1

4.3 Skryf die **Intensiewe Vorm** van die onderstreepte woord in die volgende sin:
Ys sal <u>**warm**</u> word. 1

4.4 Die pa gee opsetlik vir die seun die verkeerde inligting. Waarom doen hy dit? 1

4.5 Kies die **KORREKTE WOORD** tussen hakies in die volgende sin:
Ys beweeg na die oppervlak om die (nader/naaste) aan die son te wees. 1

4.6 Skryf die sin hieronder in die **INFINITIEF**:
Jy moet navorsing doen.
Begin so: Jy behoort… 1

4.7 Op watter manier word die woord "WAT" in die strokiesprent beklemtoon? 1

4.8 Kyk na die seun se lyftaal in Raam 3.
Kies die **KORREKTE WOORD** tussen hakies wat die beste beskryf hoe die seun oor sy pa se antwoord voel.
Die seun is (verbaas/ongelukkig) oor sy pa se antwoord. 1

4.9 Skryf die sin hieronder in die **LYDENDE VORM.**
Die seun het gereeld sy navorsing gedoen. 1

4.10 Skryf die ANTONIEM van die onderstreepte woord in die volgende sin:
Jy kan **<u>baie</u>** by my leer. 1

**[10]**

---

**VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die is op die artikel (TEKS F) en die prent TEKS (G) gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Waar EEN WOORD antwoorde verwag word, moet jy net die vraagnommer en jou antwoord daarlangs skryf.

TEKS F

Braaivleis vir die Reënboognasie by Mzoli's Place

Mzoli Ngcawuzeli het gedroom van 'n (5.1.1) (eetplek) waar Suid-Afrikaners van alle kulture bymekaar kan kom. Dit moet 'n plek wees waar mense (5.1.12) (lekker) kos , dans en musiek kan geniet.

Twintig (5.1.3) (jaar/jare) gelede het Mzoli hierdie droom bewaarheid. Vandag is Mzoli's Place in Guguletu 'n gewilde eetplek wat (5.1.4) (deur) baie toeriste en plaaslike mense van alle rasse besoek word. Dit bied ook werk aan 35 werknemers.

Die (5.1.5) (toegang+fooi) om die eetplek te mag binnegaan , is nie te veel nie. Teen net R20 (5.1.6) persoon, kan baie mense dit betaal. Van oud tot (5.1.7)……. staan die mense in lang toue vir kos en wag. In die agtergrond speel (5.1.8) (vrolik) musiek. Hier en daar is mense besig om (5.1.9) (foto) te neem.

Die mengsel van rook en vleisgeur vul die lug naby die groot tent. (5.1.10) Die vleis word sommer op die sypaadjie gebraai . Daar is nie genoeg plek in die tent nie. (5.1.11) Groot stukke gebraaide skaap- en beesvleis word saam met pap wors en tjakalaka bedien.

Mense vra gereeld vir Mzoli wat die (5.1.12) (spyskaart/resep) vir Mzoli's Place se sukses is. Dan antwoord hy eenvoudig. "Goeie vleis , ' wenner tjakalaka , 'n veilige kuierplek vir my klante en hartlike gasvryheid ." Mzoli is nou 64 jaar oud en hy glo dat hy (5.1.13) doel bereik het.

Suid-Afrika se leuse is: "!ke e: /xarra //ke". Dit beteken dat mense wat vrskillend is, saamkom. (5.1.14) Mzoli kry beslis volpunte hiervoor!

5.1.1 Gee die **verkleinwoord** van die woord tussen hakies.
Mzoli het gedroom van 'n (eetplek) vir alle rasse. 1

5.1.2 Gee 'n **sinoniem** vir die woord tussen hakies.
Dit moet 'n plek wees waar mense (5.1.12) (lekker) kos , dans en musiek kan geniet. 1

5.1.3 Kies die **korrekte woord** van dié tussen hakies.
Twintig (5.1.3) (jaar/jare) gelede het Mzoli hierdie droom bewaarheid. 1

5.1.4 Gebruik die **hononiem** van **deur i**n 'n sin sodat dit 'n ander betekenis het. 1

5.1.5 Vorm 'n **samestellig** van die woorde tussen hakies.
Die (5.1.5) (toegang+fooi) om die eetplek te mag binnegaan , is nie te veel nie. 1

5.1.6 Vul die korrekte **voorsetsel** in.
Teen net R20 (5.1.6) persoon, kan baie mense dit betaal. 1

5.1.7 Gee die **antoniem** van die woord tussen hakies.
Van (oud) tot ……. staan die mense in lang toue vir kos en wag. 1

5.1.8 Gee die korrekte vorm van die **adjektief** tussen hakies.
In die agtergrond speel (5.1.8) (vrolik) musiek. 1

5.1.9 Gee die **meervoud** van die woord tussen hakies.
Hier en daar is mense besig om (5.1.9) (foto) te neem. 1

5.1.10 Verbind die sinne met die **voegwoord** tussen hakies.
Die vleis word sommer op die sypaadjie gebraai . Daar is nie genoeg plek in die tent nie. (omdat) 1


5.1.11 Vul die onderbrekende **leesteken** in. Skryf die sinsgedeelte oor en onderstreep die leesteken.
…word saam met pap wors en tjakalaka bedien. 1

5.1.12 Kies die **korrekte woord** uit dié tussen hakies.
Mense vra gereeld vir Mzoli wat die (5.1.12) (spyskaart/resep) vir Mzoli's Place se sukses is. 1

5.1.13 Vul die ontbrekende **voornaamwoord** in.
Mzoli is nou 64 jaar oud en hy glo dat hy (5.1.13) …… doel bereik het. 1

5.1.14 **Herskryf** die sin hieronder en begin met die vetgedrukte woord.
Mzoli kry beslis volpunte **<u>hiervoor</u>**! 1

TEKS G




5.1.15 Herskryf die volgende in 'n **vraagsin** deur om met die onderstreepte woord te begin.
Die man <u>hou</u> die selfoon met sy tone vas. 1

5.1.16 Gee die **intensiewe vorm** van die onderstreepte woord**.**
Die motoris het sy motor **<u>vinnig</u>** bestuur. 1

5.1.17 Skryf die volgende sin in die **verlede tyd**.
Die verkeersman stop die motoris om hom te beboet. 1

5.1.18 Vul die ontbrekende **voornaamwoord** in**.**
'n Mens moet nie op …… selfoon praat terwyl jy bestuur nie. 1

5.1.19 Gee die **verkleinwoord** van die onderstreepte woord.
Die verkeersman hou 'n klein **<u>boek</u>** in sy linkerhand. 1

5.1.20 Skryf die volgende sin in die **ontkennende vorm.**
Die bestuurder van die motor is al dronk. 1

**[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING C [40]**

**Basic Education**

**Department: Basic Education**
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**
**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**
**GR.12 - SENIORSERTIFIKAAT- VOORBEREIDENDE-EKSAMENS (2021)**

PUNTE: 80 TYD: 2 uur

---

**MEMORANDUM**

**AFDELING A – LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: ARTIKEL**

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Die bevuiling/besmetting van die aarde. | 1 | 1 |
| 1.2 | Lug/grond/water/water onder die aarde (Enige Een | 1 | 1 |
| 1.3 | Stowwe wat nie in die natuur voorkom nie.<br>Stowwe wat deur mense gemaak word.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.4 | Vroeër jare was daar nie soveel fabrieke/kragstasies nie.<br>Vroeër jare was daar nie soveel mense/rommel nie.<br>Vroeër jare was daar nie plastiek nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 4 |
| 1.5.1 | Lugverkeer/vliegtuie; Motorverkeer/motors<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.5.2 | Dit kan jou doof maak/tot gehoorprobleme lei.<br>Dit kan negatief op jou senustelsel inwerk/senuweesiektes veroorsaak.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.6 | Lugbesoedeling is wanneer skadelike gasse en dampe in die atmosfeer vrygelaat word. | 1 | 3 |
| 1.7 | Motors (se uitlaatgasse); Fabrieke (se rook); Kragstasies (se gasse)(Enige TWEE) | 2 | 3 |
| 1.8 | diere/klein diertjies; insekte; plante<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 1.9.1 | aarde | 1 | 3 |
| 1.9.2 | land | 1 | 3 |
| 1.10 | Verdun | 1 | 3 |
| 1.11 | Nuwe industrieë moet filters installeer.<br>Kragsentrales moes nuwe tipes opwekkers begin gebruik.<br>Agtergeblewe gemeenskappe word met elektrisiteit toegerus.<br>Maatskappye wat lood hanteer, gebruik filters.<br>(Enige TWEE) | 2 | 2 |
| 1.12 | C hoë vlakke van lugbesoedeling is. | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.13 | Mense kan meer rommel herwin.<br>Mense kan komposhope maak.<br>Mense kan papier/plastiek/staal na herwinningsfabrieke neem. | 1 | 4 |
| 1.14 | Vullishope neem te veel plek op /word te groot.<br>Daar is nie meer genoeg plek om vullishope te maak nie.<br>Kieme broei uit op vullishope.<br>(Enige EEN) | 1 | 4 |
| 1.15.1 | Myngrond is barre/steriele/dooie grond. | 1 | 2 |
| 1.15.2 | Die stof van mynhope waai in die lug in.<br>Daar groei geen plante op mynhope nie, dus waai die grond in die atmosfeer in.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 1.16 | Riviere; damme; oseane (Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.17.1 | (giftige) chemikalieë | 1 | 2 |
| 1.17.2 | Rioolvuil | 1 | 2 |
| 1.18 | Visse is nie gewoond aan warm water nie, en gaan dood.<br>Visse swem in koue water, warm water maak visse dood.<br>Die water is warm.<br>(Enige EEN | 1 | 4 |
| 1.19 | Visse (sal versmoor).<br>Seevoëls (word vol olie en kan nie meer vlieg nie).<br>Pikkewyne (gaan dood).<br>(Enige EEN | 1 | 5 |
| 1.20 | Wiskundetoets | 1 | 1 |
| 1.21 | Die lopie skool toe | 1 | 2 |
| 1.22 | Miskien | 1 | 3 |
| 1.23 | Hy draai vinnig om.<br>Hy begin in die teenoorgestelde rigting loop. | 2 | 3 |
| 1.24 | Eet; Luister na musiek; Kyk na TV; Drink koeldrank; Speel ' sport | 1 | 4 |

| Vlak | 1&2 | 3 | 4&5 | **Totaal↓** |
|---|---|---|---|---|
| Punte | 14 | 10 | 6 | **30** |

---

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

ASSESSERINGSRIGLYNE

ALGEMEEN

- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien beplanning wel gedoen is, moet dit duidelik aangedui word.
- Indien nie aangedui nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat ál die vereiste inligting, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- Kandidate mag nie afkortings in hulle opsommings gebruik nie, maar indien wel, word elke afkorting getel volgens die woorde wat dit voorstel.
- Die aantal woorde moet deur die onderwyser getel word.
- Leerders verloor nie ŉ punt as hulle nie die aantal woorde aandui nie.
- As die woordlimiet oorskry word, word net nagesien tot die sin waarin die aantal bereik is. Die res van die opsomming word geïgnoreer.

PUNTETOEKENNING
- 7 punte vir 7 feite
- 3 punte vir Taal
- Totaal: 10 punte

**DUI DIE PUNTE SÓ AAN**:
Feite 7
Taal + 3 = 10

FEITE: 7
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte. (ʼn Volsin het ʼn werkwoord)

TAAL: 3
Verspreiding van punte vir TAAL waar die leerders NIE DIREK aangehaal het NIE:

1 – 3 feite korrek 1 punt  4 – 5 feite korrek 2 punte  6 – 7 feite korrek 3 punte

Verspreiding van punte vir TAAL waar die leerders DIREK aangehaal het:

1 – 7 direkte aanhalings 0 punt vir Taal

FORMAAT:
Kandidate moet die opsomming in die korrekte formaat aanbied:
• puntsgewys onder mekaar
• indien in paragraafvorm aangebied, word die eerste sin gemerk EN die res geïgnoreer.

GETAL WOORDE:
• Kandidate MOET die korrekte getal woorde aandui.
• Indien hy/sy nagelaat het om dit aan te dui of dit verkeerd aangedui het, word hulle NIE GEPENALISEER met een punt NIE.

OPSOMMING - Denkvlak 2 - Opsomming van inligting

Voordele van musiek vir goeie gesondheid.

| | Uit die leesstuk | Moontlike antwoorde |
|---|---|---|
| 1 | Navorsers het bewys dat vroeë musiekonderwys ʼn kind se brein stimuleer | Daar is bewys dat musiek goed is vir breinstimulasie. |
| 2 | Studies het voorts bewys dat musiek ook ʼn invloed op die mens se hartklop het. | Musiek is goed vir die hart. |
| 3 | As mens voor jy die dag afsluit, na musiek luister, verbeter die gehalte van die slaapproses | Musiek maak jou rustig sodat jy goed kan slaap |
| 4 | Dit het ʼn kalmerende effek en laat jou gelukkig voel. | Musiek kalmeer mens en jy kan ook goed voel. |
| 5 | Musiek het ook ʼn enorme invloed op die vlakke van die streshormoon | Musiek maak jou stres minder |
| 6 | Die mens se verstand en psige word positief beïnvloed deur na musiek te luister. | Musiek is goed wanneer jy angstig is. |
| 7 | Verder is daar ook bevind dat musiekopleiding help om die brein gesond te hou as mens ouer word. | Musiek maak jou brein skerp en hou jou jonk. |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**VRAAG 3:** ADVERTENSIE

TEKS D

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Laai hulle/Out-surance se APP af | 1 |
| 3.2 | A deur die prent van die motor wat die mense dra. | 1 |
| 3.3 | Sjoe! | 1 |
| 3.4 | huis | 1 |
| 3.5 | dooie | 1 |
| 3.6 | Jy/jou | 1 |
| 3.7 | As jy iemand nodig het ( om jou motor na die naaste diensverskaffer te sleep), skakel Outsurance. | 1 |
| 3.8 | en | 1 |
| 3.9 | vier en twintig/ vier-en-twintig | 1 |
| 3.10 | gratis | 1 |

---

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die seun vra vir sy pa waarom ys op water dryf. | 1 |
| 4.2 | Die pa kyk na die seun/ Sy kop is na die seun gedraai./Sy mond is toe, want hy luister. | 1 |
| 4.3 | vuurwarm/snikwarm/bloedwarm | 1 |
| 4.4 | Hy wil die seun aanmoedig om self navorsing te doen./ om self te dink./ om te gaan lees. Hy wil hê sy seun moet nuuskierig wees. | 1 |
| 4.5 | naaste | 1 |
| 4.6 | Jy behoort navorsing te doen. | 1 |
| 4.7 | Met hoofletters/vraagteken/vetgedruk | 1 |
| 4.8 | verbaas | 1 |
| 4.9 | Navorsing is gereeld deur die seun gedoen/Navorsing is deur die seun gereeld gedoen. | 1 |
| 4.10 | min/niks | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1.1 | eetplekkie | 1 |
| 5.1.2 | heerlike/smaaklike/goeie | 1 |
| 5.1.3 | jaar | 1 |
| 5.1.4 | Die deur is oop./Lekker kos word deur Mjozi voorberei. | 1 |
| 5.1.5 | toegangsfooi | 1 |
| 5.1.6 | per | 1 |
| 5.1.7 | jonk | 1 |
| 5.1.8 | vrolike | 1 |
| 5.1.9 | foto's | 1 |
| 5.1.10 | Die vleis word sommer op die sypaadjie gebraai omdat daar nie genoeg plek in die tent is nie. | 1 |
| 5.1.11 | …word saam met pap , wors en tjakalaka bedien. | 1 |
| 5.1.12 | resep | 1 |
| 5.1.13 | sy | 1 |
| 5.1.14 | Hiervoor kry Mzoli beslis volpunte! | 1 |
| 5.1.15 | Hou die man die selfoon met sy tone vas? | 1 |
| 5.1.16 | blitsvinnig | 1 |
| 5.1.17 | Die verkeersman het die motoris gestop. | 1 |
| 5.1.18 | jou / 'n mens se | 1 |
| 5.1.19 | boekie | 1 |
| 5.1.20 | Die bestuurder van die motor is nie al dronk nie. Die bestuurder van die motor is nog nie al dronk nie. | 1 |
| | | **[20]** |

**TOTAAL VIR AFDELING C [40]**